



DEUR STEVE HOFMEYR
ZEBRA PRESS
R150

DIE VERSTE UUR

Die Verste Uur is een van die vreemdste boeke wat ek in jare gelees het. Dit is tegelyk naïef en pretensieus.

Die naïewe deel ontvou as 'n wetenskapsfiksie-storie oor 'n student wat op 'n dokument afkom wat hom in staat stel om terug in die tyd te reis.

Die pretensieuse deel (wat in tandem met bogenoemde storielyn vertel word onderaan elke bladsy) is 'n professor se akademiese relaas oor die musiek van 'n Franse klassieke komponis. Sy geskrif hou die sleutel in tot die vreemde reis wat die student meer as 100 jaar in die geskiedenis terugneem. Dié gegewe klink dalk interessant, maar die boek is helaas sonder spanning of 'n slim ontknoping.

Steve Hofmeyr, vermaak kunstenaar en politieke kommentator,

verhef dikwels sy stem as apologet vir die Afrikaner-saak en siniese lesers sal Die Verste Uur kan beskou as 'n ylbedekte poging van die sanger om sy geliefde Boerevolk te verontskuldig.

Want die student is in sy blits-besoek aan die verlede instrumenteel dat die Boere die oorlog teen die Engelse in 1901 wen. Terug in die hede is Suid-Afrika weens die Boere se destydse oorwinning nou 'n heel ander plek.

Daar is nie apartheid nie – daar is trouens ook nie eens “Afrikaners” nie – maar daar is wel instromings-beheer wat vereis dat arbeiders uit (oorwegend swart) buurstate paspoorte moet dra.

Steve is slim genoeg om hierdie fantasie van 'n parallelle Suid-Afrika nie as 'n paradys van wit oorheersing te skilder nie, maar jy kry

ook die gevoel dat hy nie heeltemal dapper genoeg is om dié uitkoms behoorlik te deurgrond nie.

So hou die tydlyn van Suid-Afrika se alternatiewe geskiedenis skielik op by 1919 en die kriptiese aard van sy verbeelde werklikheid laat die leser met 'n wrang smaak.

Dis moeilik om vat te kry aan só 'n ligsinnige toertjie oor 'n swaar onderwerp.

Maar miskien is die grootste probleem met Die Verste Uur 'n gebrek aan oortuigende karakterisering en oorspronklikheid. Daar was al so baie goeie boeke en fliks oor reise deur die tyd dat 'n skrywer sy storie moet ken om lesers enduit geboei te hou. Dié boek sal net aanklank vind by 'n uitgelese gehoor wat hou van eksperimentele letterkunde.

– HANNELIE BOOYENS



DEUR MURRAY LA VITA
TAFELBERG
R165

Gesprekke met Merkwaardige Mense

Die spesialisanderhoudvoerder Murray la Vita woekeer met sy akkertjie grond op Die Burger se middelblad, soseer dat Tafelberg besluit het dis tyd om die oes in te samel en 42 van sy gesprekke met Suid-Afrikaneers wat dit ver gebring het, te bundel.

Dit is reeds 'n groot uitdaging vir 'n dagbladjoernalis om feitlik weekliks 'n onderhoud gereël te kry, dit te voer en betyds te lewer; wanneer jou onderwerpe interessante mense van naam op haas alle lewensterreine is, des te meer so. Wanneer hul hele menswees spontaan lewe kry in die gedrukte woord, weet jy: Dis g'n hierjy van 'n onderhoudspesialis dié nie.

Ewe merkwaardig is die omvang van die oes: 24 van die gesprekke is met woordmense soos Hennie Aucamp, Dana Snyman, Breyten Breytenbach, Lina Spies, Bun Booyens, Antjie Krog en Deon Meyer, en die res met teatermense (Tobie Cronjé, Trix Pienaar, Pieter-Dirk Uys), musiek-mense (Abdullah Ibrahim, David Kramer, Valiant Swart), meningvormers (onder wie Jakes Gerwel, Rhoda Kadalie en Desmond Tutu), kunstenaars soos Errol Arendz en Fred Mouton, en, vir nagereg, gesprekke met die kosmense Cass Abrahams, Peter Veldsman en Topsy Venter.

Ses van sy gespreksgenote kan nooit weer met La Vita praat nie: Elize Botha, Fanus Rautenbach, Madeleine van Biljon, Van Zyl Slabbert, Helen Suzman en Hannes Meiring. Dankie tog die oes is in die skuur – dat ons die volle, merkwaardige mens wat elkeen was uit die oogpunt van dié woordkunstenaar kan herbeleef. – WYNAND LOUW



SAAMGESTEL DEUR JEANETTE FERREIRA
TAFELBERG
R195

Boereoorlogstories

OORLOG, glo die samesteller van hierdie bundel, gaan oor mense. Gewone mense soos ons, wil 'n mens byvoeg. Nie presidente, politici en generaals nie. Dit is veral gewone mense wat geraak is deur die vervoesting van die Anglo-Boereoorlog; 'n stryd wat boonop 'n lang skaduwee oor die Suid-Afrika van die 20ste eeu gegooi het.

En, glo Ferreira voorts, die mense van 'n land kan sy geskiedenis onthou deur stories te vertel. Stories kan hulle help om sin te probeer maak van dié oorlog.

Dié bundel, wat in 1998 die eerste keer uitgegee is, wys dat stories aspekte van dié oorlog kan bekryk op 'n manier waarop die geskiedenisboeke nie altyd kan nie. Dit is aangrypende, dikwels ontroerende, verhale wat die oorlog stroop van die romantiese en dit meermaal in al sy bittere realiteit blootlê.

Van die land se bekendste skrywers vertel van die Anglo-Boereoorlog se swarkry, verlies en lyding, liefde en haat, verraad en wraak. – GERT VAN DER WESTHUIZEN



DEUR LIZ MCGREGOR
JONATHAN BALL
R175



SAAMGESTEL DEUR JACO KIRSTEN
TAFELBERG, R160



DEUR WIM VAN DER BERG
TAFELBERG
R299



DEUR ANDY COLQUHOUN
PEARSON
R119,95

Die Wêreldbekertoernooi is op ons en rugbykoors loop hoog

TOUCH, PAUSE, ENGAGE!

LIZ MCGREGOR, die skrywer van dié boek, was 'n meisie baie soos ek in die sin dat sy skaars 'n rugbybal van 'n sokkerbal kon onderskei. Maar toe aanvaar sy die opdrag wat in die ondertitel vervat is: “Exploring the Heart of South African Rugby.” Haar uitgewers het gemeen 'n vrou sou 'n vars blik op rugby kon gee.

So het sy toe meer as drie jaar lank die land deurkruis en aanvanklik was sy, in haar eie woorde, nie 'n bietjie bevooroordeel nie.

Ná al die nagte in B&O's naby Loftus, baie ure langs rugbyvelde oor die land, in kleedkamers wat ruik na “sweet en testosteroon – wilderig, maar nie onaangenaam nie”, kom sy tot onder meer dié gevolgtrekking: “Van skoolseun-rugby tot die Springbokke het ek intelligensie, nederigheid, ordentlikheid teengekom.

“Veral op professionele vlak – by die Bulle en Westelike Provinsie – het ek 'n bewustelike anti-rassistiese etiek gevind. Ek het die ingeburgerde waardes bewonder: om verantwoordelikhede vir jou foute te aanvaar; om te neem en te gee; om die individuele ego prys te gee ter wille van die groter saak.”

Die uiteinde is inderdaad so 'n vars blik op die spel rugby dat selfs ek, 'n aarts-neusoptrekker vir hierdie uiters fisieke sport, dit gelees – en geniet – het. Vir rugbyliefhebbers sal dit selfs meer genot gee om in fleurige taal te lees van die passie wat spelers van jongs af trek na die grasvelde waar soveel sweet en bloed gestort word.

– ELNA VAN DER MERWE

RUGBYMAL – STORIES UIT DIE PAWILJOENE

ONS het dit saam met ons pap en moedersmelk ingekry en ons bloed bruis Groen-en-goud.

Elkeen in Suid-Afrika het minstens één rugbystorie te vertel, al is dit net oor waar jy was toe 'n hele land Joel Stransky se 1995-skep-

skop deur die pale gebid het.

In Rugbymal – Stories uit die Pawiljoene deel 'n verskeidenheid mense (bekend en onbekend, spelers en toeskouers, mans en vroue) hul gunsteling-rugbystories. En dit gaan nie oor Bul-vetes en Province-crete nie, dit gaan oor een en elkeen se onverdunde liefde vir dié spel.

Wat is dit dan met ons en die rugby-obsessie? Ek het veral die bydraes van Justine Krige, vrou van die voormalige Bokkaptein Corné Krige, en die oud-Bok Wynand Claassen geniet, en sou dalk meer stories van die rugbygrotes wou lees. (Kan daar byvoorbeeld 'n rugbynaam wees wat lekkerder sê as Tjol Lategan?)

Maar ek het verslaggewers se herinneringe aan daai gróóte 0.9-wedstryd waarin hul roemlose rugbyloopbaan baie vroeg “gepiek” het, ewe vermaaklik gevind.

In die laaste koue aande van dié wêreldbekerjaar sal menige Afrikaanse leser Jaco Kirsten se versamelbundel geniet en met heimwee terugdink aan kaalvoetkannetjierugby en pawiljoene wat na nartjies ruik.

– GERDA ENGELBRECHT

150 JAAR VAN SUID-AFRIKAANSE RUGBY

ARM rugbyspelers kan 'n probleem word? En kan nie opgelei wees om 'n lewe vir hom en sy gesin te maak buite rugby nie?

Ja, vreemd soos dit kan klink, is dit 'n moontlike gevolg van professionele rugby en van die verskynsel dat spelers al op 0.12-vlak deur van die voorste unies geïdentifiseer word waarna hul lewe aan die sport gewy word.

Dan besef baie van hulle eers in hul middel-20's dat die groot deurbraak nie gaan kom nie en sit hulle gestrand, “werkloos en sonder 'n kwalifikasie van enige aard. Selfs gevestigde provinsiale spelers word deur dieselfde probleem in die gesig gestaar.”

Dié kwessie word bespreek in die

hoofstuk Die Sanzar-ontnugtering – Die Realiteit van Professionalisme in Rugby in hierdie insiggewende boek.

Soos die skrywer, Wim van der Berg, tereg sê sou 'n mens vyf of ses volumes nodig hê om reg te laat geskied aan die 150 jaar wat rugby in Suid-Afrika gespeel word. Hy kwyf hom egter goed van sy taak in die optekening van die hoogte- en laagtepunte, die helde van die spel, die grootste geleenthede, puntemakers en skandemakers, ensovoorts.

Agterin gee hy lyste interessante statistiek, soos die meeste toetsdrieë (Joost – 38); die meeste punte deur 'n speler (Percy – 35 in 2007 teen Namibië), en die grootste oorwinning (Springbokke klop Uruguay 134-4 in 2005).

Dis 'n boek vir ure se lekker lees en naslaan.

– RIANA LOMBAARD

SPEEL RUGBY – BOKKIE SE AMPTELIKE GIDS TOT RUGBY IN SUID-AFRIKA

BOKKIE is SA Rugby se amptelike rugbygelukbringer en 'n mens sien hom deesdae oral: op klere, kos, speelgoed en televisie, en nou het hy ook sy eie boek waarin hy die hoofrol speel.

Bokkie se gids is gemik op seuns van tussen 8 en 14 jaar oud en die doel is nie net om hulle aan te moedig om dié sport te beoefen nie, maar ook om hulle in te lig oor die agtergrond, die reëls en die fynere punte van die spel.


Daar word byvoorbeeld puntsgegewys verduidelik hoe om 'n teenstander te duik, hoe om die bal uit te gee, te skop, ens.

Tussendeur word bladsye afgestaan aan van die grotes soos Morné Steyn, Os du Randt, Pierre Spies, Bryan Habana en John Smit.

Die boek, wat geskryf is deur die kommunikasiebestuurder van SA Rugby, Andy Colquhoun, is ook in Engels beskikbaar.

– RIANA LOMBAARD

(Blaai om)



Alan Moore, wat onder meer die ghoeroe van die grafiese roman genoem word, meen tablette soos die iPad gaan ook die wêreld van strokiesprente heeltemal verander. Hy het aan The Guardian gesê die hele konsep van strokiesprente berus op die feit dat jy moet omblaai om die volgende verrassing te beleef, iets wat heeltemal bederf kan word deur die nuwe tegnologie. Sy League of Extraordinary Gentlemen: Century 1969 het pas (in papiervorm) die lig gesien.



Nege kortverhale deur die Russiese skrywer Aleksandr Solzhenitsyn verskyn in September vir die eerste keer in Engels. Die stories in Apricot Jam and Other Stories is in 1994 die eerste keer gepubliseer, maar die Weste was onbewus hiervan omdat dit net in Russies verskyn het.

AP/PICTURENET



Ons weet vir seker nog nie hoe gedrukte boeke gaan verander in die digitale era nie, maar oral sluip reeds nuwighe in. So is daar in Jennifer Egan se boek A Visit from the Goon Squad 'n hoofstuk wat as 'n PowerPoint-aanbieding geskryf is. Sy het die Pulitzer-prys vir dié boek ontvang.



Op 82 het die skrywer en illustreerder Maurice Sendak vir die eerste keer in byna 30 jaar weer 'n boek op die rak. Bumble-Ardsy is die storie van 'n vark wat op nege sy eerste verjaardagpartytjie hou. Die teks en tekeninge is nie net vir kinders nie – grootmense gaan dit ook koop.

